

‘n Plan vir Jou Lewe

Nadat ‘n predikant oor die onderwerp: “Waarom ek in Jesus glo”, gepraat het, het ‘n welgeklede jong man hom in sy studeerkamer gaan besoek en opgemerk: “U praatjie vanaand was baie interessant, maar alles wat u oor Christus gesê het, kom uit u Bybel. Sê my, as Jesus ooit op hierdie aarde geleef het, waarom lees ons niks in die geskiedenis van Hom nie?”

“Dit is ‘n redelike vraag,” het die predikant geantwoord terwyl hy omdraai en ‘n paar boeke uit die rak afhaal. “Maar om die waarheid te sê, ons lees wel in die geskiedenis van Jesus Christus.”

“Dit sal ek graag vir myself wil sien,” het die jong man gereageer.

“Wel, hier is Brief 97 van Boek 10 van *Briewe van Pliny die Jongere (Letters of Pliny the Younger)*, Romeinse proconsul in Bithinië, ‘n provinsie van ou klein-Asië. Pliny het aan die Romeinse Keiser, Trajan, geskryf en hom vertel van gebeurtenisse in sy provinsie. Kyk, hier vra hy raad oor hoe hy ‘n nuwe sekte, die Christene moet hanteer. Hy vertel van hulle vinnige groei en hoe hulle liedere gesing het ter ere van hulle leier, Christus. Pliny het sy brief ongeveer 110 n.C. gestuur. Die brief deur Pliny bied historiese bewyse van die man Christus, en van die verspreiding van Sy geloof in die dae van Sy apostels.”

Verbaas het die jong man gesê: “Vertel my meer!”

Terwyl die predikant deur ‘n ander boek geblaai het, het hy bygevoeg: “Nog ‘n historikus, ‘n tydgenoot van Pliny, was Tacitus. In sy *Annale (Annals)* (Boek 15, hoofstuk 44), vertel hy van Nero se haat vir die Christene en hoe hulle vervolgd is ten tye van die vuur in Rome. Tacitus verduidelik dat die naam “Christen” afkomstig is van die naam “Christus.” Hy noem dat Jesus Christus, die stigter van die Christelike godsdiens, deur Pontius Pilatus, Prokurator van Judea, doodgemaak is gedurende die regeringstyd van Keiser Tiberius. Al hierdie besonderhede wat Tacitus vir ons gee stem presies ooreen met die gebeure, name en plekke wat in die Bybel gegee word.”

“Leraar, ek het nooit geweet dat daar sulke besonderhede in die sekulêre geskiedenis was nie!” het die besoeker uitgeroep.

The predikant het bygevoeg: “Ek wil hê dat jy moet oplet dat ongeveer 180 n.C. het Celsus ‘n boek geskryf om die Christene aan te val, wat ‘n aanduiding is dat die Christelike geloof teen daardie tyd ‘n mag was om mee rekening te hou.

“As jy nog steeds twyfel, onthou dat die vier Evangelies net so veel geskiedenis is as hierdie sekulêre boeke.”

Toe hierdie jong man besef het dat sowel Bybelse as sekulêre geskiedenis ooreenstem dat Jesus wel as ‘n mens op die aarde geleef het, het hy daar weggegaan het met die oortuiging dat Jesus Christus ‘n werklike, historiese figuur was.

1. CHRISTUS HET VAN EWIGHEID AF BESTAAN

Jesus was nie bloot 'n goeie man nie. Hy was ook God. Watse aanspraak het Jesus self gemaak op Sy goddelikheid?

“As julle My geken het, sou julle my Vader ook geken het, en van nou af ken julle Hom en het julle Hom gesien. ...Hy wat My gesien het, het die Vader gesien.” – Johannes 14:7-9. (Tensy anders vermeld, word alle Skrifgedeeltes in die ONTDEK Gidse geneem uit die Ou Vertaling van die Bybel in Afrikaans.)

As jy graag die antwoord op die vrae: “Wie is God? Wat is Sy aard?” wil weet, kyk net na Jesus, wat verklaar het: *“Ek en die Vader is een.” – Johannes 10:30.*

God die Vader en Jesus die Seun het saam bestaan in die ewigheid (Hebreërs 1:8). Daar was nooit 'n tyd wat Jesus nie een met die Vader was nie. Die Vader bewys dieselfde liefde en besorgdheid vir elke persoon as wat Jesus tydens Sy menslike lewe op aarde betoon het.

2. CHRISTUS, DIE HART VAN DIE GESKIEDENIS EN PROFESIE

Aangesien Jesus se lewensverhaal die vervulling van profesie is, was Sy lewensverhaal geskryf voordat Hy gebore is. Die profesieë van die Ou Testament gee vooraf 'n duidelike beskrywing van Christus se lewe, dood en opstanding. Die Nuwe Testament is Sy lewensverhaal wat as 'n vervulling vertel word.

Die profete van die Ou Testament het vyfhonderd tot een duisend vyfhonderd jaar voor Christus se geboorte geleef, maar hulle het talle baie spesifieke voorspellings aangaande die lewe van die Messias gemaak. En aan die heel begin van Christus se aardse bediening, toe mense Sy lewe met Ou Testamentiese profesieë vergelyk het, tot watter gevolgtrekking het hulle gekom?

“Ons het Hom gevind van wie Moses in die wet en ook die profete geskrywe het: Jesus, die seun van Josef van Nasaret.” – Johannes 1:46.

Ons Verlosser het Self die vervulde profesie aangehaal om Sy identiteit te bevestig.

“En Hy het begin van Moses en al die profete af en vir hulle uitgelê in al die [Ou Testament] Skrifte die dinge wat op Hom betrekking het.” – Lukas 24:25-27.

Vervulde profesieë gee oortuigende bewyse dat Jesus die beloofde Messias is.

3. CHRISTUS SE LEWE 'N VERVULLING VAN PROFESIE

Kom ons kyk na 'n paar van hierdie profetiese gedeeltes uit die Ou Testament – en die vervulling daarvan in die Nuwe Testamentiese aanhalings.

SY GEBOORTEPLEK

Die Profesie uit die Ou Testament:

“En jy, BETHLEHEM Efrata, ... uit jou sal daar vir My uitgaan een wat 'n Heerser in Israel sal wees; en sy uitgange is uit die voortyd, uit die dae van die ewigheid.” – Miga 5:1.

Die Vervulling in die Nuwe Testament:

“En toe Jesus te BETHLEHEM in Judea gebore is.” Mattheus 2:1.

SY GEBOORTE UIT 'N MAAGD

Die Profesie uit die Ou Testament:

“Kyk, die MAAGD sal swanger word en 'n seun baar en hom Immanuel noem.” – Jesaja 7:14.

Die Vervulling in die Nuwe Testament:

“Josef, seun van Dawid, wees nie bevrees nie om Maria, jou vrou by jou te neem nie, WANT WAT IN HAAR VERWEK IS, IS UIT DIE HEILIGE GEES; en sy sal 'n seun baar, en jy moet Hom Jesus noem, want dit is Hy wat sy volk van hulle sondes sal verlos.” – Mattheus 1:20, 21.

SY GESLAGSREGISTER UIT DIE STAM VAN JUDA

Die Profesie uit die Ou Testament:

“DIE SEPTER SAL VAN JUDA NIE WYK NIE, ... totdat Silo kom [die een aan wie dit behoort].” – Genesis 49:10.

Die Vervulling in die Nuwe Testament:

“Want dit is volkome duidelik dat ONSE HERE UIT JUDA VOORTGESPRUIT HET.” – Hebreërs 7:14.

SY VERWERPING DEUR MENSE

Die Profesie uit die Ou Testament

“Hy was verag en deur die mense VERLAAT,” – Jesaja 53:3

Die Vervulling in die Nuwe Testament:

“Hy het na sy eiendom gekom, en sy eie mense het Hom NIE AANGENEEM NIE.” – Johannes 1:11

DIE VERRAAD TEEN HOM EN DIE FOOI AAN SY VERRAAIER BETAAL

Die Profesie uit die Ou Testament:

“Selfs die man wat met my in vrede lewe, op wie ek vertrou het, wat my brood eet, het die hakskeen teen my opgelig.” – Psalm 41:10.

“Daarop sê ek vir hulle: As dit goed is in julle oë, gee dan my loon; en so nie, laat dit staan. Toe het hulle my loon afgeweeg: DERTIG SIKKELS SILWER.” – Sagaria 11:12.

Die Vervulling in die Nuwe Testament:

“Toe gaan een van die twaalf, met die naam van Judas Iskariot, na die owerpriesters en sê: Wat wil u my gee, en ek sal Hom aan u oorlewer? En hulle het vir hom DERTIG SILWERSTUKKE afgeweeg.” – Mattheus 26:14, 15.

SY DOOD AAN ‘N KRUIS

Die Profesie uit die Ou Testament:

“Hulle het my hande en my voete deurgrawe.” – Psalm 22:17.

Die Vervulling in die Nuwe Testament:

“En toe hulle op die plek kom wat Hoofskedel genoem word, het hulle HOM DAAR GEKRUISIG.” – Lukas 23:33. (Kyk ook Johannes 20:25).

SY ONTSNAPPING UIT DIE GRAF

Die Profesie uit die Ou Testament:

“Want U SAL MY SIEL AAN DIE DODERYK NIE OORGEE NIE, U sal nie toelaat dat u gunsgenoot verderwing sien nie.” – Psalm 16:10

Die Vervulling in die Nuwe Testament:

“Omdat hy dit vooruit gesien het, spreek van die opstanding van Christus, dat SY SIEL NIE IN DIE DODERYK VERLAAT IS en sy vlees ook nie verderwing gesien het nie. Hierdie Jesus het God opgewek, waarvan ons almal getuies is.” – Handeling 2:31, 32.

Daar is baie goeie bewyse dat Jesus nie net ‘n paar voorspellings vervul het nie. Sy biografie is inderdaad vooraf geskryf deur bo-natuurlike magte. Waarlik, Jesus is die Seun van God.

Nadat ons na die bewyse gekyk het, behoort ons biddend ‘n besluit te neem oor wie die Heer in ons lewens gaan wees. As jy dit nie alreeds gedoen het nie, wil jy nie *nou* jou lewe in Jesus se hande plaas nie?

4. 'N LEWE DEUR GOD BEPLAN

Jesus se lewe is deur God beplan, honderde jare voor Sy geboorte omskryf. Altyd bewus van hierdie feit, het Hy sensitief gebly vir God se leiding. Christus het gesê:

“En uit Myself doen Ek niks nie; maar net wat my Vader My geleer het, dit spreek Ek. ...Omdat Ek altyd doen wat Hom welgevallig is.” – Johannes 8:28, 29.

God het die menslike lewe van Jesus voor Sy geboorte beplan, en God het ook 'n plan vir elke menslike wese. Hy weet hoe ons elkeen ons diepste begeertes kan vervul en 'n vervulde lewe kan vind.

Ray was nie altyd so seker dat hy aan God se plan gehoorsaam wou wees nie. Maar toe hy voor 'n groot besluit te staan gekom het oor waar om kollege by te woon, het hy vir die eerste maal in sy lewe besluit om Goddelike leiding oor die saak te kry. Hy het vir 'n aantal dae gebid en probeer om te luister vir 'n antwoord. Na 'n ruk het hy skynbaar baie duidelike redes begin kry waarom hy Keuse B moet kies: 'n Goedkoper, maar baie groot en onpersoonlike universiteit. Pas nadat hy met klasse begin het, het hy vriende gemaak met 'n paar wonderlike Christene wat behoort het aan die *Campus Crusade for Christ*. Sy ondervinding met hulle gedurende die volgende twee jaar het sy lewe radikaal verander.

As Ray vandag terugkyk, merk hy op dat elke keer wanneer hy voor 'n groot besluit te staan gekom het, en Goddelike leiding gevra het, “God 'n hele nuwe area in sy lewe geopen het.”

Hoe kan jy weet wat God se plan vir jou lewe is? God lei ons op 'n paar maniere:

(1)DIE BYBEL.

Wat is die Gids van die Lewe, volgens die Psalmeskrywer?

“U woord is 'n lamp vir my voet en 'n lig vir my pad.” – Psalm 119:105.

God se Woord hernu ons verstand en gee vir ons insig (Romeine 12:2, Psalm 119:99). 'n Gereelde tyd waar ons biddend die Skrifte bestudeer is die beste manier om ons prioriteite reggestel te kry.

(2)TOEVALLIGE OMSTANDIGHEDE.

God lei ons ook deur omstandighede wat deur Sy hand gerig word. Psalm 23 stel Hom voor as 'n Goeie Herder. 'n Herder lei sy skape deur welige valleie sowel as deur rotsagtige klowe. Hy kan diegene wat in sy sorg is help om te leer en voordeel te trek uit alle omstandighede. Ons het 'n Herder wat altyd aan ons sy bly.

(3)DIREKTE KOMMUNIKASIE VAN GOD NA DIE HART.

God lei ons ook deurdat Hy met ons deur ons gewete praat. Die Gees kan “die oë van die verstand” (Efesiërs 1:18) verlig. Hoe meer gereeld ons kommunikasie met God beoefen, hoe beter is Hy in staat om ons te lei. Hy vorm ons innerlike indrukke sowel as ons redenasies en oordele sodat ons duidelik kan sien wat die volgende stap is om te neem.

5. DIE GIDSE MOET HARMONISEER

Dit is natuurlik onmoontlik om bloot te aanvaar jy lewe 'n God-gerigte lewe as jy altyd jou eie impulse en drange volg (Spreuke 16:25). Ons gevoelens moet ooreenstem met dit wat die Bybel leer. Dit is nie veilig om tot die gevolgtrekking te kom dat God ons lei nie, tensy al drie die gidse harmoniseer.

Neem byvoorbeeld vir Jaco. Hy het 'n lieflike vrou en twee kinders gehad, maar toe het hy 'n verhouding met 'n ander vrou aangeknop. Hy het vir sy vriende gesê: “Ek het daarvoor gebid en ek voel dit is God se wil.”

Jaco se emosies en “innerlike indrukke” het hom duidelik op die verkeerde pad gestuur. Hy het hom verbeel dat dit die Voorsienigheid was dat hy hierdie ander vrou ontmoet het en het nie teruggestaan om na die Bybelse gebod teen owerspel te kyk nie. En die Bybel, “die wet en die getuienis,” is die gesaghebbende gidsboek, die finale regter wat bepaal wat die regte koers is om in te slaan (Jesaja 8:20). Ons moet nooit toelaat dat enige indrukke of klaarblyklige voorsienige omstandighede ons weglei van ‘n Bybelse beginsel af nie.

6. ONDERWERP JOU AAN GOD SE PLAN

Toe die duiwel vir Jesus in die wildernis kom versoek het, het hy voorgestel: “As Jy sal afsien van die pynlike offer wat jou Vader vir jou beplan het, sal ek die wêreld vir jou in die holte van jou hand gee – meer roem, skatte, en ‘n gemaklike lewenswyse.” Satan het selfs die Skrifte aangehaal in ‘n poging om Jesus te verlei. Maar Jesus het hom telkens teengestaan met die woorde: “Daar staan geskrywe” (Mattheus 4:1-11).

Een kragtige les wat ons van die lewe van Jesus kan leer is sy onderdanigheid aan sy Vader se wil. Selfs te midde van die verskriklike lyding in Getsemanè, het Hy uitgeroep, “My Vader, as dit moontlik is, laat hierdie beker by My verbygaan; nogtans nie soos Ek wil nie, maar soos U wil” (Mattheus 26:39). Na drie jaar van Sy bediening waartydens Hy dag na dag in harmonie met die Vader se plan gelewe het, was Christus se sterwenswoorde: “Dit is volbring” (Johannes 19:30). Jesus het in werklikheid gesê: “My God beplande lewe is nou voltooi en vervul.”

Noudat jy begin om God se stem te hoor wat verstaanbaar deur Sy Woord, deur voorsienige omstandighede en direkte indrukke met jou praat, kan jy leer om Sy leiding heelhartig te aanvaar. Jy kan ook die vreugde ontdek van ‘n lewe wat deur God beplan en gelei word word.

Bronne vir die bogenoemde historiese materiaal en meer besonderhede oor die geskiedenis, verskyn in die volgende boeke:

Documents of the Christian Church, selected and edited by Henry Bettenson (London, Oxford University Press); Joseph Cullen Ayers, A Source Book for Ancient Church History (New York; Charles Scribner's Sons, 1931, 1941); Origen: Contra Celsum, translated by Henry Chadwick (Cambridge: University Press, 1965); F.F. Bruce, The New Testament Documents: Are They Reliable? 5th edition, revised (Grand Rapids: William B. Eerdmans Publishing Company, 1960); and R.T. France, The Evidence for Jesus (Downers Grove, Illinois; InterVarsity Press, 1986). Die laaste twee boeke is beskikbaar in goedkoop sagteband uitgawes en behoort beskikbaar te wees by die meeste godsdienstige boekwinkels. Indien die eerste drie boeke nie by jou plaaslike biblioteek beskikbaar is nie, kan jy miskien vra of die biblioteek dit deur die inter-biblioteek leendiens kan aanvra.